**Die muur van die nuwe Jerusalem**

**Openbaring 21:12-21**

**7 Februarie 2021**

1. Vantevore: Die nuwe Jerusalem moet simbolies verstaan word. Soos die bruid simboliseer dit die gelowiges. Vervulling van Ou Testamentiese profesieë, wat in die Nuwe Testament ontwikkel na die hemelse Jerusalem, wat aan die einde van die tyd uit die hemel neerdaal. Die gelowiges sal dan die heerlikheid van God hê, omdat God Sy heerlikheid in hulle demonstreer.
2. Verse 12-21 beskryf die muur van die nuwe Jerusalem: Verse 12-14 – die struktuur, verse 15-17 – die dimensies, verse 18-21 – die materiaal.
3. Muur van die nuwe Jerusalem:
   a. Groot hoë muur (v 12)
   b. Eseg 40:5 – muur rondom die toekomstige tempel
   c. Sag 2:1-4 – God sal self die muur wees
   d. Muur is van opaal (v 18, vgl met v 11 en Op 4:2-3)
   e. Die muur is dus simbool van God self
4. 12 Poorte in die muur van die nuwe Jerusalem
   a. 12 poorte in 4 windrigtings, met 'n engel, name van stamme van Israel (v 12)
   b. Eseg 48:30-34 – stad het ook 12 poorte in 4 windrigtings, name van stamme van Israel
   c. Gen 28:14 – Jakob se grondgebied sal uitbrei in 4 windrigtings
   d. Joh 10:9 – Jesus sê: "Ek is die ingang"
   e. Op 7:1-8 – 144 000 = gelowiges gemerk met God se merk = 12 000 uit elke stam
   f. Gal 3:16 – Jesus is dié Nakomeling van Abraham, dus Israel
   g. Die poorte is dus simbool van Jesus, toegang vir gelowiges uit alle volke, stamme, tale en nasies
5. 12 Fondamente van die muur van die nuwe Jerusalem
   a. 12 fondamente, name van 12 apostels (v 14), versier met edelstene (v 19-20)
   b. Eks 28:16-21 – 12 edelstene op borssak, met name van stamme van Israel daarop
   c. Ef 2:19-22 – fondament = apostels en profete, Jesus = hoeksteen
   d. Fondamente is die openbaring van God deur die profete en apostels
6. Dimensies van die muur van die nuwe Jerusalem
   a. Mates is bevestiging dat wat gemeet word, vir God belangrik is
   b. Stad is kubus: 12 000 x 12 000 x 12 000 stadia
      i. Vierkantig: borssak (Eks 28:16), heiligdom (Eseg 45:2)
      ii. Kubus: Allerheiligste in tempel (1 Kon 6:20)
      iii. 12 000 – 12 x 1000: baie gelowiges, voltallig
   c. Muur van stad: 144 cubits hoog
      i. 144 – 12 x 12: 12 poorte, 12 fondamente, 12 stamme, 12 apostels
      ii. Muur is hoog, maar laag in vergelyking met stad
         - Hoog – sekuriteit
         - Laag – beklemtoon hoe groot die stad is
         - Laag – daar is geen vyande nie, poorte word nie eers gesluit nie
7. Die muur van die nuwe Jerusalem bevestig:
   a. Gelowiges kan seker wees hulle sal die erfenis ontvang
   b. Gelowiges kan seker wees hulle sal die erfenis nooit verloor nie